NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# PASTORALE BRIEF

# SEPTEMBER 2021

## Die vrug van die Gees (vii): getrouheid

*Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Galasiërs 5:22-23

Ons selfondersoek aan die hand van die Vrug van Gees staan so stadigaan einde se kant toe. Vandag vertoef ons by die woord in Galasiërs 5 wat ons Afrikaanse Bybel vertaal met "getrouheid" - wat in die oorspronklike verskeie betekenisse kan hê. Dieselfde woord beteken in Grieks "gelowig" asook "betroubaar" - natuurlik albei goed wat die Gees in ons lewe kweek!

Omdat die res van die vrug eerder oor ons verhouding met ons medemens praat, is ons Bybel waarskynlik reg as hy dit eerder met “getrouheid” vertaal. 'n Christen moet met ander woorde altyd betroubaar wees. Mense moet weet dat hulle te alle tye op jou kan peil trek. Jy kan nie elke dag met 'n ander bui opstaan nie, en mense moet ook weet dat as jy iets gesê het, hulle maar daarop kan reken: dat jou "Ja!" ja sal wees, en jou "Nee!" nee.

Dis iets wat die Here in jou lewe waar wil maak, deur die werk van sy Gees. Dink maar self of mense eerder na die getuienis van 'n betroubare mens se getuienis sal luister of na 'n onbetroubare een. Dis waarom jy altyd betroubaar moet wees. Mense moet op jou kan peil trek – soos jy op Jesus...